DIE GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG

DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG

# Die Basuin

**21 Januarie 2024**




Predikant: Ds. S.P. Venter

Sel: 082 809 0222

Epos: sarel.pventer@gmail.com


*Eredienste* begin *09:30*

| | |
|---|---|
| **EREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | **Lukas 17: 11 – 19** |
| **Tema** | **Hoe gereeld draai jy terug om God te dank?** |
| **Sang** | **Psalm 145: 1, 12**<br>**Skrifberyming 12-3: 1, 2**<br>**Psalm 38: 1, 17**<br>**Psalm 89: 1, 6**<br>**Psalm 31: 15, 17** |

**Die kwistige gebruik van die woordjies "asseblief" en "dankie" beskryf die lewe van 'n fyn, beskaafde mens. In Lukas 17 wys die Here konkreet aan ons dat "dankie" baie belangriker is as "asseblief". Om die waarheid te sê: tussen "asseblief" en "dankie" gaan twee wêrelde uiteen!**

**Op die grens tussen Galilea en Samaria is daar tienmelaatse mans wat "asseblief" kom vra. Al tien is in groot liggaamlike nood en hulle pleit by Jesus om hulle te genees.**

**Al tien ontvang genesing terwyl hulle op pad is om hulle aan die priesters te gaan vertoon. Uiteindelik is daar egter slegs één wat omdraai om te kom "dankie" sê.**

**Vir die nege wat nie omgedraai het nie, word dit 'n tragedie. Deur die genesing van hulle liggame het Jesus die deur na die werklike rykdom van sy Koninkryk vir al tien mans wyd oopgehou. Hy roep hulle as 't ware om die ewigheid saam met Hom te kom geniet. Maar helaas: vir die nege is die uur belangriker as die ewigheid! Daarteenoor is die genesing van sy liggaam vir die tiende man maar net die begin van sy seëninge. Omdat sy eie liggaamlike genesing nie vir hom die finale doel is nie, draai hy om om dankie te sê en aan God die eer te gee. Daarom ontvang hy 'n genadeloon wat veel groter is as dié van die nege. Terwyl hy dít met hulle in gemeen het dat hy – soos hulle – van sy melaatsheid bevry is, weerklink ook nog hierdie geseënde woorde in sy ore: "Staan op en gaan huis toe. Jou geloof het jou gered." Deur sy persoonlike band met die Messiaanse Lewegegewer het hy 'n ewig-lewende geword! Maak seker dat "dankie" die belangrikste woord in jou omgang met God en jou naaste is!**

# OOG VIR MEKAAR





- * Ons bid vir tannie Rita du Plessis wat baie swak is en versorg word.
- * Ons is dankbaar dat dit met tannie Lettie Coetzee goed gaan na die operasie aan haar nek. Ons bid vir volle herstel.
- * Gerdien Kuijpers het die afgelope week bloed ontvang. Ons bid dat jy beter sal voel en meer energie sal hê.
- * Ons dink aan Ina Fouchèwat steeds gips aan die hand het. Sterkte met die frustrasie.
- * Ons vra voorbidding vir die ouderlinge se werkswinkel wat DV Vrydagaand plaasvind.
- * Ons bid die Here se seën op die katkisasie wat vandag begin.

# ATTESTATE UIT

Die volgende lidmaat het die gemeente verlaat :

*Belydende lidmate:*
John Archibald Pretorius (Kudu) na GK Amanzimtoti.



Ons hoop dat jy baie lekker gaan bly in Natal. Sterkte vir jou.

# KONSISTORIEDIENSBEURTE 21 Jan 2024

Diensbeurt: Wyk 11
Ouderling: Hennie Combrink
Katkisasie: Opening
Diaken: Daleen Coetsee

**Ouderlinge en diakens moet asb kennis neem dat almal, weer soos voorheen, voor die erediens in die konsistorie sal vergader.**

## *Eredienste begin 09:30*

# TEE EN KOFFIE KUIERTYD



**Susters word versoek om asb Sondae hand by te sit om koffie en tee te bedien na die erediens. Susters sal nie meer genomineer word om na eredienste koffie en tee te bedien nie.**

# DATUMS OM TE ONTHOU

| DATUM | TYD | WAAR | WAT |
|---|---|---|---|
| 21 Jan | Na erediens | *Kerk* | Katkisasie opening |
| 22 Jan | 18:00 | *Kerk* | Finanskommissie |
| 23 Jan | 09:30 | *Kerk* | Bybelstudie |
| 24 Jan | 18:30 | *Kerk* | Bybelstudie |
| 26 Jan | 18:00 | *Kerk* | Gemeente kuier |
| 30 Jan | 09:30 | *Kerk* | Bybelstudie |
| 31 Jan | 18:30 | *Kerk* | Bybelstudie |




# KALENDER




| *Verjaarsdae* | | | | |
|---|---|---|---|---|
| *Datum* | *Naam* | *Ouderdom* | *B / D* | *Sel/Tel no.* |
| (So) 21 Jan | *Dawie vd Merwe* * | *78* | B | 082 564 3755 |
| (Ma) 22 Jan | Comin vd Walt | 62 | B | 084 438 6872 |
| (Di) 23 Jan | Patty Pelser<br>Niham Snyman | 67<br>11 | B<br>D | 072 376 8967<br>079 500 3458 |
| (Wo) 24 Jan | *Antoinette Sauermann* **<br>Chris Hoogendyk<br>Sandra Eloff<br>Chrisna Stander | *82*<br>66<br>64<br>61 | B<br>B<br>B<br>B | 082 366 5041<br>082 806 7588<br>076 644 1175<br>082 804 6912 |
| (Do) 25 Jan | Annemarie du Plessis<br>Mariza Pelser<br>Amy O'Reilly<br>Anke O'Reilly<br>Ryan Carlisle | 59<br>39<br>19<br>14<br>14 | B<br>B<br>D<br>D<br>D | 083 255 9390<br>063 161 5815<br>082 421 6982<br>082 554 2288<br>082 745 7409 |
| (Sa) 27 Jan | Tom Roets<br>Erik Nel<br>Saré Nel<br>Marianna Marriott | 66<br>19<br>17<br>10 | B<br>B<br>D<br>D | 082 852 4509<br>083 337 3486<br>083 696 9089<br>083 455 0987 |

| Huweliksherdenkings | | | |
|---|---|---|---|
| Huweliksdatum | Lidmate | Jare Getroud | Sel/Tel no. |
| (Vr) 26 Jan 1974 | Willie & Nella vd Berg | 50 | 066 045 5078<br>079 828 0415 |

# GEDAGTE VIR DIE WEEK

**Sonder ophou sal ek van u verlossingswerk, van u reddingsdade bly praat, want hulle is meer as wat ek kan tel.**

**Psalm 71: 15**

## KOLLEKTES

**Kollektes Januarie 2024**

**Tydends erediens:**

**Diakonale Sorg**



**Na erediens (By die deure):**
**Spesiale Fondse :**
~~**14 Januarie 2024 Thuso fonds**~~
**21 Januarie 2024 Kerklike tydskrifte**
**28 Januarie 2024 Sustentasie fonds**

**“n Volledige lys van verpligte asook vrywillige kollektes vir 2023 tot 2025 is op die kennisgewingbord agter in die portaal beskikbaar.**

# GEMEENTE KUIER AAND




Vrydag 26 Jan sal die braaivleis vure weer hoog brand, want ons beplan die eerste gemeente kuiertjie vir 2024 vanaf 18:00.

Bring jou T-bone, Sirlion, Rump of hoender en kom braai lekker saam met ons. Pap en sous sal voorsien word.

Onthou asb ook jou eie eetgerei en drinkgoed.

Kom en geniet die aand saam met ons.

Sustersaamtrek 2024

# Die susters van die Gereformeerde Kerke Nylstroom en Vaalwater

**Nooi u hartlik uit na die Sustersaamtrek 2024**

**"Groei deur alle seisoene"**

**Spreker: Mev Saskia Meijer**

**Datum: Saterdag 9 Maart 2024**

**Registrasie: 7h30 – 8h30**

**Venue: Castle de Wildt, Modimolle**

**S24º 45.429' E28º 27.162**

**Koste: R 250 p.p.**

**RSVP: Voor of op Maandag 5 Februarie 2024**

**Gelde betaalbaar voor of op Maandag 4 Maart 2024**

**Navrae: Sr. Maronèl Stavast 082 472 2145**

**Kontant vir: Kollekte vir die Vroueblad, Bybelsverspreiding en Instituut vir Christelike Onderwys (ICO)**

**Stalletjies: Sommiges het kaartfasiliteite**

# SILWERDOPPERS

Die Silwerdoppers verkoop weer lekker vetkoeke op Vrydag 2 Februarie 2023.

Vetkoeke met lekker maalvleis teen slegs R30.00 en plein vetkoeke teen slegs R15.00 per vetkoek.



Voorkom teleurstelling en plaas jou naam NOU AL op die lys agter in die portaal of skakel Marina vd Walt op 072 135 6905 .

Bestellings kan vanaf 10:00 afgehaal word of tussen 17:00 tot 18:00 die middag.




**Susters wat die geleentheid by Pietersburg-Noord gaan bywoon moet asb hulle name op die lys agter in die portaal sit.**

# ADASA

**Goeie dag**

**ADASA (Association for Dementia and Alzheimer's South Africa) is ‘n organisasie wat probeer help om mense te ondersteun wat aan hierdie siektes ly, maar ook die mense te ondersteun wat die pasiënte moet versorg. Almal van ons ken iemand wat in 1 van daardie kategorieë val. Dis ‘n siekte wat al elke persoon iewers in hul lewe geraak het.**

**Die probleem wat die organisasie beleef is dat hulle slegs 1 maatskaplike werker het wat die hele Limpopo provinsie moet ondersteun. Hulle het egter nou befondsing gekry om ‘n groter voetspoor in Limpopo te kan maak. Om dit te kan doen het hulle sekere strukture nodig om te verseker dat die regte mense gehelp word.**

**Daar is nou die behoefte aan ‘n streeksbestuur wat kan help met die bestuur van die dienste in die provinsie. Indien daar enige persone op daardie vlak betrokke wil raak, wil ons hulle asb nooi om betrokke te raak.**

**Saam met dit werk die organisasie met ‘n ‘Buddy System’. Ons weet dat versorgers Alzheimer’s pasiente nie vir ‘n oomblik alleen kan laat nie. Ons is opsoek na mense wat bereid is om hande te vat met versorgers om hulle te help deur af te los wanneer hulle regtig ‘n breek nodig het, of wat kan help om inkopies vir hulle te gaan doen en hulle te help met die elke dag take wat hulle nie voor tyd het nie.**

**Daarom is daar ‘n geleentheid gereel vir 17 Februarie om 9:00 by die kerksaal van NG Pietersburg Noord. By die byeenkoms wil ons graag mense kry wat bereid is om op die streeksbestuur die dien. Dan wil ons ook graag alle mense kry wat op die oomblik ‘n pasient van dementia of Alzheimer's versorg en die behoefte het aan hulp itv iemand wat hulle kan help. Alle mense wat bereid is om hulp aan te bied wat ‘n passie het om betrokke te raak by pasiente moet ook asb die oggend bywoon.**

**Tydens die gesprek gaan die maatskaplike werker met ons gesels oor die werk van ADASA, en opleiding gee oor hoe om pasiente menswaardig te behandel om vir alle partye die beste van die saak te help maak. En dan wil ons graag die oggend mense bymekaar bring wat mekaar kan ondersteun. Om vriende aan te wys wat kan help waar dit nodig is.**

**Vir meer inligting, is u welkom om op enige van die volgende platforms kontak te maak Webtuiste: https://alzheimers.org.za/**

**CEO van ADASA: Marlene Freislich 082 332 2581**

**Limpopo Maatskaplike werker: Macmillan Kondowe 072 186 7524**


**Ek wil vra of u asb in u gemeente hierdie kan bemark om seker te maak soveel as moontlik mense word bereik en ondersteun in die krisis wat hulle tans mee besig is.**

**Vrede vir u Ds Freddie Prozesky**
**076 930 7502**

## LIDMATE OPGENEEM

Die volgende lidmate word hartlik in die gemeente verwelkom :

***Opgeneem:***
Sr. Nicola Lottering asook
Br. JP Evert (Jaun Pierre) is as lidmate van die Gereformeerde Kerk Pietersburg opgeneem.



Ons hoop dat julle welkom sal voel hier in ons midde.

# EVANGELISASIE (SOUT EN LIG)




## God die Vader stuur Sy Seun en ook vir jou.

**Jesus sê vir hulle: "Vrede vir julle!**

**Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook."**

**Joh 20: 21**




## Bemagtig deur die Heilige Gees.

**Nadat Hy dit gesê het, blaas Hy op hulle en sê vir hulle: "Ontvang die Heilige Gees!"**

**Joh 20:22**

# EVANGELISASIE (SOUT EN LIG - VERVOLG)




## ‘n Gemeente Wat God se opdrag uitleef

Praat oor Christus en Sy verlossing

Laat dit natuurlik in ons lewens navore kom om oor die Woord te praat.




## God gee Sy Seun vir ons, my, jou en jou vriend

Want so lief het God die wêreld gehad dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê.

**… kry jy dit nie reg om te praat nie? Kontak die Evangelisasiekommissie by 083 457 1711, dan help ons.**

| | | |
|---|---|---|
| **Preke**<br><br>Kan afgelaai word op:<br><br>www.gereformeerd.co.za | **Kerkkantoor**<br>Faksnommer<br><br>**Webwerf**<br>www.gereformeerd.co.za | Nantes Kotze<br>(015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks)<br>**E-pos :**<br>admin@gereformeerd.co.za<br>Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggende na die erediens. |
| | **Bankbesonderhede**<br>Kerkkas | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Koster**<br>Nantes Kotze<br>015 296 0054<br>081 424 9651 | Diakonie | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| | Koningskinders | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Orreliste**<br>Barbara Nagel<br>083 260 9581 | Geref. Susters Org. Pietersburg | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| Marisa Linde<br>083 408 2100 | Aktiwiteitskommissie | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo.

*Een van hulle het, toe hy sien dat hy gesond geword het, omgedraai en God met 'n harde stem geloof.*

*Lukas 17: 15*



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS